

In graad 8 en 9 bestaan Natuurwetenskap uit twee afdelings, nl. Lewenswetenskappe (Biologie) en Natuurwetenskap. Vanaf graad 10 word Lewenswetenskappe (LW) en Fisiese Wetenskappe (FW) twee aparte vakke.

FW ondersoek fisiese en chemiese verskynsels. Dit word gedoen deur wetenskaplike ondersoek en die toepassing van wetenskaplike modelle, teorieë en wette om gebeurtenisse in die fisiese omgewing te verklaar en te voorspel.

Die doel van FW is om leerders bewus te maak van hulle omgewing en om leerders toe te rus met ondersoekvaardighede met betrekking tot fisiese en chemiese verskynsels. FW bevorder dus kennis en vaardighede in wetenskaplike ondersoek en probleemoplossing; die opbou van toepassing van wetenskaplike en tegnologiese kennis en begrip van die aard van wetenskap. Die verband tussen FW en ander leerareas word dikwels beklemtoon.

FW bestaan uit twee afdelings, nl. Fisika en Chemie. Albei bestaan uit drie hoofareas:

Chemie: Materie en Materiale
 Chemiese Stelsels
 Chemiese Verandering

Fisika: Meganika
 Golwe, Klank en Lig
 Elektrisiteit en Magnetisme

Leerders word voorberei vir baie studierigtings. Dit help ook in rigtings waar die vak nie spesifiek nodig is nie, maar as gevolg van ontwikkeling van denke help FW hulle baie in vele rigtings.

Beroepsmoontlikhede sluit in:

- Mediese en verwante beroepe
- Ingenieurswese (elektries, chemies, meganies, ensovoorts)
- Fisika- en chemiese navorsing
- Vlieënier ens.

FW is belangrik vir toelating tot tersiêre onderrig

Voorvereistes:

- Leerder MOET onafhanklik kan dink en goeie probleemoplossingsvaardighede hê
- Belangstel in die wetenskappe en nie bang wees vir nuwe uitdagings nie
- Geen leerder mag FW neem sonder Wiskunde nie. Wiskunde moet tot graad 12 geneem en geslaag word.
- Leerders moet verkieslik bo 60% vir Wiskunde en vir die Natuurwetenskap-gedeelte in graad 9 hê om FW in graad 10, 11 en 12 te neem.